7 Augustus **Skrifgedeelte: Josua 7:1-26 (OAV)**
Fokusgedeelte: Josua 6:18; 7:7,21

Jou begeerte kan selfs ‘n hele volk beïnvloed

Sal ons ooit presies weet waarom Agan ongehoorsaam aan die bevel van die Here was? Miskien wou hy verseker wees dat sy gesin in die nuwe land goed versorg is, of dat dit hoog tyd was dat mense wat so ver en lank getrek het vir hulleself weer iets bymekaar moes maak. Agan sê: “Ek het dit begeer en dit geneem”.

Dit is hoe sonde werk: Ék begeer, ek wil, en ek doen dit. My begeertes word eerste gestel. Ék wil hierdie Sondag nie kerk toe gaan nie. Ék wil ‘n bietjie verder gaan in ons verhouding – ons is tog verloof. Ék wil net één keer gaan dobbel. Die vraag is of GOD dit wil? God het vir Agan duidelik uitgespel wat Hy wil en nie wil nie (6:18). God het vir óns in sy Woord sy wil ten opsigte van die hele lewenspektrum weergegee. God duld geen ongehoorsaamheid nie. Daarvan spreek die nederlaag teen Ai.

Ons is nie ‘n klomp los individue nie, maar deel van ‘n gesin, ‘n gemeente en gemeenskap. My optrede kan daardie hele groep benadeel. Pas op wat jy doen! Ons moet ook mekaar se wagters wees. Huweliksmaats, gesinslede en gemeentelede moet mekaar vermaan en tug om volgens God se wil te lewe. Daarom is daar ampsdraers.

Eén Adam het die mensdom in sonde laat val.

Eén Agan het sy volk ‘n nederlaag laat lei en die Here se Naam skade berokken. En ék – wat beteken ék vir my huisgesin, my volk en my kerk?

Eén Jesus Christus het eenmaal vir al die gelowiges se sondes betaal.

Wat begeer ek? Om met ‘n lus en liefde volgens die wil van God in dankbaarheid goeie werke te doen. Om uit ‘n ware geloof, volgens die wet van God tot sy eer te leef en te werk, en nie volgens my eie goeddunke nie. (Sondag 33). Hierdie begeerte van my kan my hele gesin, gemeente en gemeenskap beïnvloed om ook só te lewe.

Sing: Psalm 139:12 Ds AH Stavast (Mosselbaai)